

Ontmoeting 26

Teks: Lees Lukas 17:11–19



WELKOM

- Speel “Stuck in the mud”. Dit is ‘n variasie van aan-aan. Verdeel in 2 spanne. Laat een span gekleurde stukkies lap om hul arms bind vir identifikasie. Wanneer iemand van die teenoorstaande span aan jou raak, moet jy stilstaan en mag jy nie verder saamspeel nie. Jy word weer “geaktiveer” wanneer iemand van jou eie span aan jou raak. (*Ons verkies dat die kinders aan mekaar raak om weer deel te word van die spel eerder as om onderdeur mekaar se bene te kruip, omdat die ontmoeting handel oor melaatses wat nie aangeraak mag word nie.*)
- “Glibberige aflos”: Verdeel in 2 spanne wat kan kompeteer. Plaas vir elke span ‘n skottel water en ‘n koekie seep aan die oorkant van die vertrek. *Die koekie seep moes al ‘n rukkie in die water gelê het om lekker glibberig te wees.* Lede van elke span hardloop een-een na vore, haal die koekie seep uit die water en hardloop daarmee tot by die volgende lid van sy/haar span. Maak seker die koekie seep val nie op die grond nie. Daardie spanlid hardloop dan en gaan gooi die koekie seep terug in die water. Wanneer iemand die koekie seep laat val, moet die span van voor af begin.

Sing: “Jesus maak gesond”

(Lofliedjies 2 lied 52),

“Liewe Vader, ek sê dankie”

(Liedboek lied 552)



WYDING

Stilwoord-ritueel: Soos by die vorige ontmoetings

Temalied: “Jesus be the center”

JESUS GENEES DIE MELAA+SE MANNE

Gebed: Laat almal in die groep aan mekaar raak
en bid die volgende gebed:

“Here, dankie dat U nog altyd alle mense
aanraak.

Dankie dat U ook nou by ons is

En dat U deur die een wat langs my staan

Ook vir my herinner dat U vandag aan my wil
raak.

Amen.”



WOORD

Roep een van die kinders na vore. Jy verduidelik wat melaatsheid is terwyl jy hierdie kind van kop tot tone met toiletpapier toedraai.

Melaatsheid is ‘n baie aansteeklike siekte wat in die Bybelse tyd ongeneeslik was. Dit beteken dat as jy in daardie tyd, selfs net per ongeluk, aan ‘n melaatse sou raak, jy ook melaats sou word. Geen dokter sou jou gesond kon maak nie. Vandag is daar goeie medisyne vir melaatsheid, maar in die Bybelse was daar niks wat gehelp het nie.

Melaatsheid is ‘n wrede siekte wat die senuweestelsel aantast. Mense wat die siekte het, kry sere oral op hul lyf. Hulle verloor gevoel en weet nie wanneer hulle seerkry of pyn het nie. Hulle doen baie wonde op. Die wonde en sere word al erger, maar omdat hulle niks voel nie, verloor hulle stukkie vir stukkie van hulle vingers en tone. As dit erger raak, verloor hulle dele van hul arms of bene. Hulle sal bv. hul hande verbrand en dit nie weet voordat hulle die skade sien nie. Hulle kan in spykers trap en net aanloop. Dit sal sweer en hulle baie siek maak, maar hulle kom dit te laat agter.

Daar was streng wette in die *ou tyd* dat iemand wat melaats was buite die dorpe en stede in grotte moes gaan woon. Hulle is as onrein beskou en mag nie eers tempel toe gegaan het nie. Hulle mag nie in 'n dorp of 'n park gaan sit het nie. Melaatse mense was baie hartseer en moedeloos, want selfs hulle familie en vriende het hulle weggejaag en wou nie eens na hulle kyk nie. Kyk hoe lyk ons "melaatse" maatjie nou! Kan julle nog sien hoe hy lyk? Sou julle weet wie dit is as julle hom op straat sien. Melaatses het baie keer so gelyk omdat hulle wonde gebloei het en hulle nie lekker geruik het nie.

Op 'n dag het 10 melaatse manne 'n baie gewaagde ding gedoen. Hulle het dit gewaag om naby 'n Rabbi te kom. Die Rabbi was Jesus. Hy het van Galilea na Jerusalem gereis.

Lees Lukas 17:11–19.

Die kinders dink na oor die verhaal:

1. Ek wonder van watter deel van die storie het

jy die meeste gehou.


2. Ek wonder watter deel van die storie dink jy is die belangrikste.
3. Ek wonder wie is jy in die storie.
4. Ek wonder of daar 'n gedeelte van die storie is waarvan jy glad nie hou nie.




WERSKAF

- ♦ Verskaf aan die groep roomysstokkies en stukke toiletpapier en viltpenne (koki's). Elke kind skryf op die roomysstokkie hoe die een melaatse wat teruggedraai het, gevoel het. Draai dan die stokkie toe in toiletpapier.
- ♦ 'n Ander opsie is om 'n stokmannetjie te teken op 'n A4-bladsy en langsaan 'n lysie te maak van al die dinge waarvoor ons kan dankie sê.
- ♦ Maak die strook met melaatse manne soos hieronder beskryf.

Sluit af met die seënbede.



Vou 'n lang strook papier in 10 dele, teken die figuur daarop en knip dit uit. Sorg dat die basis en hande aanmekaar bly.



('n Mens kan ook 2 stroke van 5 mans elk maak wat dan aanmekaar vasgekram word.) Laat die kinders die een man wat dankbaar was, afknip.

Druk die teks (onder) op aanplak-etikette of op gekleurde papier uit. Die kinders plak dit op die een melaatse (wat afgeknip is) wat dankie gesê het.

"Net een van hulle het omgedraai en God geprys..." Lukas 17:15

